# SAGES WATERBERGTAK

Voorsitter : Skobol Swanepoel
Tel : 082 881 5504
Vonkpos : stskobol@gmail.com

Sekretaresse : Hannetjie Peschl
Tel : 082 923 4582
Posbus 9320, BRENTWOOD PARK 1505
Vonkpos : peschlelectrical@gmail.com

---

**NOTULE VAN SAGES WATERBERG ALGEMENE JAARVERGADERING WAT GEHOU IS TE KAMEELDORING GHOLFKLUB OP DONDERDAG 30 JANUARIE 2025 OM 08H00**

1. OPENING
   Mauritz Hansen open met gebed.

2. VERWELKOMING
   Die Voorsitter, Skobol Swanepoel open die vergadering en heet almal welkom. Hy bedank almal wat hierdie byeenkoms bywoon. Ons is baie dankbaar dat almal veilig terug is na die lang Desembervakansie. Baie dankie aan Koos Meyer vir die reëlings.

3. PRESENSIELYS
   Die Presensielys word gesirkuleer en geteken deur 31 lede teenwoordig.

4. KONSTITUERING
   Met voldoening aan die konstitisionele vereiste van bywoning, word die vergadering deur die Voorsitter as behoorlik gekonsitueerd verklaar.

5. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE – JANUARIE 2024
   Die Notule van die vorige Vergadering is vooraf gesirkuleer en word as gelese beskou. Die Notule word goedgekeur en onderteken. Voorgestel deur Gerhard Olivier en gesekondeer deur Koos Meyer..

6. FINANSIËLE VERSLAG
   Die Finansiële Verslag is gefinaliseer en word deur die Voorsitter voorgelê, aangesien die Tesourier siek in die bed is. Die inkomstes het bestaan uit die 77 lede se ledegelde en 6 maandbyeenkomste wat inbetaal is. Affiliasiefooie is oorbetaal asook ons bydrae ten opsigte van Kansa. 'n Bedrag van R10000.00 is aan Kansa oorhandig. Waterbergfond betaal 50% van speelgeld van lede wat Nasionale Kampioenskappe te Mosselbaai bywoon. Daar word R1000.00 aan Thabazimbi gegee vir die afsluitingsfunksie. Honorariums is aan Voorsitter,Tesourier en Sekretaresse betaal. Die verslag word goedgekeur.

7. VOORSITTERSVERSLAG
   7.1 Die Voorsittersverslag word deur Skobol voorgelees. Die verslag word as gelese beskou en sal aan lede beskikbaar gestel word. Die ledetal het verlaag asgevolg van ons ouer lede wat nie meer betrokke is nie. E
   As gevolg van ons ledetal mag ons 12 lede na die Kampioenskappe toe stuur.
   Ons Kansadag te Euphoria het goed verloop en daar is R10000,00 aan Kansa oorhandig.
   Waterberg het die Streeks- en Nasionale Kampioenskappe met 12 lede bygewoon. Verre Noord het die Driehoekige byeenkoms aangebied en Jakaranda het ons na Magalies Park genooi vir die Hank Meter Toernooi

   7.2 Daar is geen verdere vrae.
   7.3 Die verslag word goedgekeur en so aanvaar.

8. ALGEMENE SAKE / INLIGTING
   8.1 Voorgestelde Jaarprogram - Die voorgestelde Jaarprogram word goedgekeur.
   8.2 Speelfooie sal bepaal word deur die klub waar dit aangebied word. Wateerberg fonds bly onveranderd.
   8.3 Jaargelde bly onveranderd.
   Ledegelde is betaalbaar vanaf 1 Desember 2024 tot einde Januarie 2025. Lede word versoek om einde Desember hulle ledegelde te betaal sodat daar genoeg tyd is om oorbetaling aan Nasionale Tesourier te doen.
   Hierdie ledegetal het invloed op hoeveel lede na die Kampioenskappe kan gaan. Ledegelde moet betaal wees voor die Klubkampioenskappe. Indien ledegelde nie betaal is nie, mag lid nie deelneem nie.
   8.4 Divisie waarin gespeel sal word by die Klubkampioenskappe sal bepaal word deur die keuse van die bof. A Divisie 0 – 12; B Divisie 13 – 24; C Divisie 25- 36. Ses en dertig voorgee sal hoogste wees wat toegelaat sal word.

9. VERKIESING VAN NUWE BESTUUR
   Nominasie vir Voorsitter – Geen nominasies ontvang.
   Nominasie vir Tesourier – Geen nominasies ontvang.
   Daar is geen nominasies vir Sekretaresse ontvang nie. Hannetjie sal die sekretariële take sowel as die Tesourie behartig. Die voorsitter bedank almal vir hul vertroue in die bestuur.

10. VERDAGING
   Vergadering verdaag om 08h30.

………………………………………. ……………………………………………..
VOORSITTER SEKRETARESSE

……………………………………….. …………………………………………….
VOORSTELLER SEKONDANT

…………………………………
DATUM